# Kort Begrip

VAN DIE

## KRISTELIKE GODSDIENS

**In Afrikaans.**

*Aanbeveel deur die Alg. Vergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika.*

Twede en Verbeterde Uitgawe.

„Die behoefte doet zich steeds meer gevoelen, om van onze schone Formulieren van Enigheid het stof der vergetelheid weer af te vegen."—*Dr. A. Kuyper.*

DEUR

Ds. DANIEL F. ERASMUS,
Predikant der Nederd. Herv. Kerk, te Ventersdorp.

1924

„Die Weste" Drukkery, Postbus 123 Potchefstroom

## KONINGS VAN JUDA.

Rehabeam, Abia, Asa, Josafat, Joram, Ahazia, Athalia (Koningin), Joas, Amazia, Uzzia, Jotham, Achaz, Hizkia, Manasse, Amon, Josia, Joahaz, Jojakim, Jojachin, Zedekia.

## KONINGS VAN ISRAEL.

Jerobeam I, Nadab, Baësa, Ela, Zimri, Omri, Achab, Ahazia, Joram, Jehu, Joahaz, Joas, Jerobeam II, Zacharia, Sallum, Menahem, Pekahia, Pekah, Hosea.

## DIE GROOT FEESTE IN ISRAEL.

Paasfees, Pinksterfees, Loofhuttefees en (later) Purimfees.

## VOORSEGGINGS.

van die koms van die Messias:

Gen. 3:15; 49:10; Deut. 15:18; Jes. 7:14; 9:5; 53; Jer. 23:5; Micha 5:1; Mal. 3:1.

## RIGTERS.

Othniël, Ehud, Samgar, Barak (Debora), Gideon, Abimelech, Thola, Jaïr, Jeftha, Ebzan, Elon, Abdon, Simson Eli, Samuel.

## WONDERE IN DIE O.T.

Aärons staf in 'n slang verander; die 10 plae van Egipte; die deurtog deur die Rooie See; die water van Mara soet gemaak; die spysiging met Manna; water uit die rots te Rafidim en later weer te Meriba; dood van Nadab en Abihu; dood van Korach, Dathan en Abiram; die koper slang; die deurtog deur die Jordaan; inname van Jericho; son en maan staan stil; Jerobeam se hand verdor; Uza sterf; Uzzia word melaats; die redding van Jona.

*Deur Elia*: vermenigvuldiging van die olie; opwekking van die seun van die wedewee; offer op Karmel; hoofliede en manskappe deur vuur verteer.

*Deur Eliza*: dood van spottende kinders; vermenigvuldiging van die olie van die wedewee; opwekking van die seun van die vrou te Sunem; spysiging van 100 man met 20 brode; genesing van Naäman; yster dryf op die water.

Die 3 jongelinge in die oond; Daniël in die leeuekuil.

---

## DIE REIS VAN DIE KINDERE ISRAELS NA KANAAN.

*Vernaamste plekke*: Rameses—Sukkoth—Mara —Elim —Sin —Rafidim —Sinaï —Thab-era —Kibbroth-Thaäva —Hazeroth —Kades-Barnea —40 jaar in woestyn —Hor —Edom —Edréi —Sittim —Moab —deurtog deur Jordaan.

## SENDINGSREISE VAN PAULUS.

*Eerste reis* (saam met Barnabas en Joh. Markus): Antiochië (in Sirië)—Ciprus—Perge—Antiochië (in Pisidië) Ikonium —Listre—Derbe—Perge —Antiochë.

*Twede reis* (saam met Silas, Timotheus en Lukas): Antiochië —Sirië en Cilicië—Derbe en Listre —Frigië en Galatië —Misië—Troas—Filippi—Thessalonika—Berea—Athene —Korinthe —Efeze —terug na Antiochië.

*Derde reis* (saam met Timotheus): Antiochië—Efeze—Macedonië—Griekeland —Filippi —Troas—Milete—Tirus—Caesarea—Jeruzalem.

*Skriftuurplaatse*: Eerste reis—Hand. 13, 14.

Twede reis—Hand. 15:36 tot 18:22
Derde reis—Hand. 18:23 tot 21:33

## GELYKENISSE IN DIE O.T.

Die ooilam, 2 Sam 12:1—4.

Die 2 broers, 2 Sam 14:1—11.

Die ontvlugte balling, 1 Kon. 20:35—40.

Die wingerd en die druiwe, Jes. 5:1—7.

Die arende en die wynstok, Ezech. 17:3—10.

Die leeuwelpe, Ezech. 19:2—9.

Die pot met die kooksel, Ezech. 24:3—5.

## GELYKENISSE IN DIE VORM VAN 'N FABEL:

Die bome, wat 'n Koning kies, Richt. 9:7—15.

Die gesig van Micha, 1 Kon. 22:19—23.

Die distel en die seder, 2 Kon. 14:9.

## DIE DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID.

1. Die *Belydenis*, wat uit 37 artiekels bestaan, is deur Guido de Brès (hy het in die jaar 1567 die marteldood gesterf) opgestel en deur die Sinode van Dordrecht **(1618—1619)** as offisiële konfessie bekragtig.

2. Die *Kategismus*, wat ook deur dieselfde Sinode as offisiële "Vraeboek" kerklik goedgekeur en aanvaar is, is in die jaar 1563 opgestel deur Zacharias Ursinus en Gasper Olevianus en is deur Petrus Datheen vertaal. Hierdie Kategismus is reeds in verskillende tale oorgesit.

3. Die *Leerreëls* is deur die Sinode van Dordrecht opgestel. Die vrymagtige en soewereine bestel van God in die genadewerk word in die Leerreëls breër uitgelê as in die Belydenis.

Waar kom nou ons *Kort Begrip* vandaan?

Die Kort Begrip is afkomstig van die Kerkraad te Middelburg, wat dit in die jaar 1611 uitgegee het. Hulle het waarskynlik ondervind, dat die Kategismus 'n bietjie te moeilik was vir baie van die jong katkisante en daarom het die Predikant van die gemeente, Ds. Hermanus Faukelius, dit op hom geneem om 'n verkorte uitgawe van die Kategimus op te stel. En so het die Kort Begrip ontstaan. Die Sinode van Dordrecht het die kerklike gebruik daarvan vry gelaat.

D. F. E.

# KORT BEGRIP

VAN DIE

## KRISTELIKE GODSDIENS.

---

1. Vr.—*Hoeveel stukke is vir u nodig om te weet om welgetroos, salig te lewe en te sterwe?*

Antw.—Drie stukke: ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is; ten twede, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word; ten derde, hoe ek God vir sulke verlossing sal dankbaar wees.—1 Joh. 1:8—Indien wij zeggen, dat wij geen zonde hebben, zo verleiden wij ons zelf en de waarheid is in ons niet; Ef. 5:8; Joh. 17:3; Rom. 6:13; Heidelb. Kat. vr. 1 en 2.

---

## DIE EERSTE DEEL.

### VAN DIE ELLENDE VAN DIE MENS.

2. Vr.—*Waaruit ken u u ellende?* . . . .

Antw.—Uit die Wet van God.—Rom. 3:20, Door de Wet is de kennis der zonde; Kat. vr. 3; Dordtse Leerreëls hoofst. III. en IV, §5.

3. Vr.—*Wat het God u in Sy wet beveel?*

Antw.—Dit het Hy vir ons skriftelik in die Tien Gebooie saamgevat, wat aldus lui (Ex. 20:2):

*Het Eerste Gebod.*

Gij zult geen andere goden voor Mijn aangezicht hebben.

*Het Twede Gebod.*

Gij zult u geen gesneden beeld, noch enige gelijkenis maken, van hetgeen boven in de hemel is, noch van hetgeen onder op de aarde is, noch van hetgeen in de wateren onder de aarde is; gij zult u voor die niet buigen, noch hen dienen; want Ik, de HERE uw GOD, ben een ijverig God, die de misdaad der vaderen bezoek aan de kinderen, aan het derde en aan het vierde lid dergenen die Mij haten, en doe barmhartigheid aan duizenden dergenen, die Mij liefhebben en Mijn geboden onderhouden.

*Het Derde Gebod.*

Gij zult de naam des HEREN uws GODS, niet ijdelik gebruiken; want de HERE zal niet onschuldig houden, die Zijn naam ijdelik gebruikt.

*Het Vierde Gebod.*

Gedenkt de Sabbatdag, dat gij die heiligt. Zes dagen zult gij arbeiden en al uw werk doen; maar de zevende dag is de Sabbat des HEREN uws GODS, dan zult gij geen werk doen; gij noch uw zoon, noch uw dochter, noch uw dienstknecht, noch uw dienstmaagd, noch uw vee, noch uw vreemdeling, die in uw poorten is; want in zes dagen heeft de HERE de hemel en de aarde gemaakt, de zee en alles wat daarin is, en Hij rustte ten zevende dage; daarom zegende de HERE de Sabbatdag en heiligde dezelve.

*Het Vijfde Gebod.*

Eert uw vader en uw moeder, opdat uw dagen verlengd worden in het land, dat u de HERE uw GOD, geeft.

*Het Zesde Gebod.*

Gij zult niet doodslaan.

*Het Zevende Gebod.*

Gij zult niet echtbreken.

*Het Achtste Gebod.*

Gij zult niet stelen.

*Het Negende Gebod.*

Gij zult geen valse getuigenis spreken tegen uw naaste.

*Het Tiende Gebod.*

Gij zult niet begeren uws naasten huis; gij zult niet begeren uws naasten vrouw, noch zijn dienstknecht, noch zijn dienstmaagd, noch zijn os, noch zijn ezel, noch iets dat uws naasten is.

Vgl. Deut. 5:6—25. Kat vr. 92—113.

4. Vr.—*Hoe word hierdie Tien Gebooie verdeel?*

Antw.—In twee tafels.

5. Vr.—*Wat is die hoofsom van wat God u gebied in die vier gebooie van die eerste tafel?*

Antw.—Dat ek die Here my God sal liefhê met my ganse hart, met my ganse siel, met my ganse gemoed en met alle kragte. Dit is die eerste en die grote gebod, (Matth. 22:37, 38).—Deut. 10:12, Nu dan, Israël! wat eist de Here, uw God, van u? dan de Here, uw God, te vrezen, in al Zijn wegen te wandelen, en Hem lief te hebben, en de Here, uw God, te dienen, met uw ganse hart en met uw ganse ziel; Kat. vr. 4.

6. Vr.—*Wat is die hoofsom van wat God u gebied in die ses gebooie van die twede tafel?*

Antw.—Dat ek my naaste sal liefhê soos myself. Aan hierdie twee gebooie hang die ganse wet en die profete, (Matth. 22:39, 40).—Lev. 19:18—Gij zult uw naaste liefhebben als uzelf; Kat. vr. 4.

7. Vr.—*Kan u dit alles volkome onderhou?*

Antw.—Nee, ek kan nie; maar ek is van nature geneig om God en my naaste te haat en die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke te oortree.—Rom. 3:10—12; Rom. 8:7; Tit. 3:3—Wij waren eertijds onwijs, ongehoorzaam, dwalende, menigerlei begeerlikheden en wellusten dienende, in boosheid en nijdigheid levende, hatelik zijnde en elkander hatende; Gen. 6:5; Jak. 3:8; Joh. 3:19; Kat. vr. 5: Geloofsbelyd. Art. 14; Leerreëls III en IV, 1—5.

8. Vr.—*Het God u dan so boos en verdorwe van natuur geskape?*

Antw.—Nee, Hy het nie; maar Hy het my goed en na Sy ewebeeld geskape, in ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid.—Job. 34:10; Gen. 1:31; Gen. 1:27—God schiep de mens naar Zijn beeld; Kol. 3:9, 10; Ef. 4:24; Kat. vr. 6; Geloofsbelyd. Art. 14; Leerreëls III en IV, 1.

9. Vr.—*Vanwaar kom dan daardie verdorwenheid, wat in u is?*

Antw.—Uit die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die Paradys, waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.—Rom. 5:19—Door de ongehoorzaamheid van die ene mens zijn velen tot zondaars gesteld geworden; Gen. 5:3; Rom. 3:23; Ps. 51:7; Kat. vr. 7; Geloofsbelyd. Art. 14, 15; Leerreëls III en IV, 1—3.

10. Vr.—*Wat vir 'n ongehoorsaamheid is dit dan gewees?*

Antw.—Dat hulle geëet het van die vrug van die boom, wat God hulle verbied het.—Gen. 3:6—Zij nam van zijn vrucht en at; en zij gaf ook haar man met haar, en hij at; Gen. 2:16, 17.

11. Vr.—*Gaan die ongehoorsaamheid van Adam ons aan?*

Antw.—Ja, tog; want hy is die vader van ons almal en in hom het ons almal gesondig.—Rom. 5:18, Hand. 17:26; Rom. 5:12—Door één mens is de zonde in de wereld gekomen, en door de zonde de dood; en alzo is de dood tot alle mensen doorgegaan, in welke allen gezondigd hebben; Geloofsbelyd. Art. 14, 15; Leerreëls I, 1; III en IV, 1—4.

12. Vr.—*Is ons dan also uit onsself onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad?*

Antw.—Ja, dit is ons; tensy dat ons deur die Gees van God wedergebore word.—Joh. 3:3—Tenzij dat iemand wederom geboren worde, hij kan het Koninkrijk Gods niet zien; Jer. 13:23; Joh. 3:5, 6; Kat. vr. 8; Geloofsbelyd. Art. 14, 15; Leerreëls III en IV, 3, 11, 12.

13. Vr.—*Wil God sulke ongehoorsaamheid en verdorwenheid ongestraf laat?*

Antw.—Nee, dit wil Hy nie, maar na Sy regvaardige oordeel wil Hy dit tydelik en ewiglik straf, soos geskrywe staan: Vervloek is 'n iegelik, wat nie bly in alles nie, wat geskrywe is in die boek van die wet, om dit te doen, (Gal. 3:10).—Hab. 1:13; Ps. 7:12—God is een rechtvaardig Rechter; Jer. 7:20; 2 Thess. 1:9; Kat. vr. 10, 11; Geloofsbelyd. Art. 16; Leerreëls I, 1, 15; II, 1.

## DIE TWEDE DEEL.

### VAN DIE VERLOSSING VAN DIE MENS UIT SY ELLENDE.

14. Vr.—*Hoe kan u hierdie strawwe ontgaan en weer tot genade kom?*

Antw.—Deur sulk 'n Middelaar, wat tegelyk waaragtige God en 'n waaragtige regvaardige mens is.—Matth. 1:21—Gij zult Zijn naam heten *Jezus;* want Hij zal Zijn volk zalig maken van hun zonden; Matth. 1:23; Jer. 23:5, 6; 1 Kor. 15:21; Hebr. 7:26; Kat. vr. 12—17; Geloofsbelyd. Art. 17, 20, 26; Leerreëls II, 1, 2.

15. Vr.—*Wie is daardie Middelaar?*

Antw.—Ons Here Jesus Kristus, wat in één persoon waaragtige God en 'n waaragtige regvaardige mens is.—1 Tim. 2:5—Daar is één Middelaar Gods en der mensen, de mens Christus Jezus; Joh. 1:1; Hebr. 2:14; Kat. vr. 18, 19; Geloofsbelyd. Art. 10, 18, 19; Leerreëls II, 2—4.

16. Vr.—*Kan die engele ons middelaars nie wees nie?*

Antw.—Nee, hulle kan nie; want hulle is nòg God, nòg mense.—Hebr. 1:14—Zijn zij niet allen gedienstige geesten, die tot dienst uitgezonden worden, om dergenen wil, die de zaligheid beërven zullen?; Kat. vr. 14, 15, 30; Geloofsbelyd. Art. 12.

17. Vr.—*Kan die heilige ons middelaars nie wees nie?*

Antw.—Nee, hulle kan nie; want hulle het self gesondig en is nie anders dan deur hierdie enigste Middelaar salig geword nie.—Job. 15:14; Joh. 14:6; Hand. 4:12—De zaligheid is in geen andere; want er is ook onder de hemel geen andere naam, die onder de mensen gegeven is, door welke wij moeten zalig worden; Kat. vr. 30; Geloofsbelyd. Art. 26; Leerreëls I, 1, 2, 7; V., 1—3.

18. Vr.—*Sal nou ook al die mense deur die Middelaar Jesus Kristus salig word, soos hulle almal deur Adam verdoem geword is?*

Antw.—Nee, hulle sal nie; maar alleen die, wat Hem met 'n ware geloof aanneem, soos geskrywe staan: Also lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, opdat 'n iegelik, wat in Hem geloof, nie sou verderwe nie, maar die ewige lewe sou hê.—Matth. 22:14; Joh. 3:36; Joh. 1:12—Zo velen Hem aangenomen hebben, die heeft Hij macht gegeven, kinderen Gods te worden, *namelik* die in Zijn naam geloven; Kat vr. 20; Geloofsbelyd. Art. 16, 22; Leerreëls I, 4—6, II, 5, 8.

19. Vr.—*Wat is 'n ware geloof?*

Antw.—Dit is 'n stellige kennis van God en van Sy beloftes, wat vir ons in die Evangelie geopenbaar is, en 'n hartelike vertroue, dat my al my sonde, om Kristus wil, vergewe is.—Hebr. 11:1—Het geloof nu is een vaste grond der dingen, die men hoopt, en een bewijs der zaken, die men niet ziet; Rom. 1:16, 17; Ef. 1:7; Kat. vr. 21; Geloofsbelyd. Art. 22; Leerreëls I, 5, 6; III en IV, 14; V, 8—10.

20. Vr.—*Wat is die hoofsom van wat God ons in die Evangelie beloof en beveel het om te geloof?*

Antw.—Dit is saamgevat in die Twaalf Artiekels van die Algemene Kristelike Geloof, wat aldus lui:

Ik geloof in God, de Vader, de Almachtige, Schepper des hemels en der aarde:

En in Jezus Christus, zijn eniggeboren Zoon, onze Heer; die ontvangen is van de Heilige Geest, geboren uit de maagd Maria; die geleden heeft onder Pontius Pilatus; is gekruisigd, gestorven en begraven, nedergedaald ter helle, ten derde dage weder opgestaan van de doden, opgevaren ten hemel, zittende ter rechterhand Gods, des almachtigen Vaders; van waar hij komen zal om te oordelen de levenden en de doden.

Ik geloof in de Heilige Geest. Ik geloof een heilige, algemene, kristelike Kerk, de gemeenschap der heiligen, vergeving der zonden, wederopstanding des vleses, en een eeuwig leven.

21. Vr.—*As u bely te geloof in God die Vader, en die Soon, en die Heilige Gees, bedoel u daarmee drie Gode?*

Antw.—Nee, geenssins; want daar is maar één enige waaragtige God.—Deut. 6:4—Hoor, Israël! de Here, onze God, is een enig Here!; Kat vr. 24, 25; Geloofsbelyd. Art. I.

22. Vr.—*Waarom noem u dan drie: die Vader, die Soon, en die Heilige Gees?*

Antw.—Omdat God sig also in Sy woord geopenbaar het, dat hierdie drie onderskeie Persone die enige en waaragtige God is; soos ons ook gedoop is in die Naam van die Vader, en van die Soon, en van die Heilige Gees, (Matth. 28:19).—2 Tim. 3:16; 1 Joh. 5:7—Drie zijn er, die getuigen in de hemel, de Vader, het Woord en de Heilige Geest; en deze drie zijn één; Kat vr. 25; Geloofsbelyd. Art. 2—7, 8, 9.

23. Vr.—*Wat geloof u met hierdie woorde: Ek geloof in God, die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde?*

Antw.—Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Kristus, wat die hemel en die aarde uit niets geskape het, en nog deur Sy voorsienigheid onderhou, om die wil van Sy Soon Kristus, my God en my Vader is.—1 Kor. 8:6; Gen. 1:1; Hebr. 11:3—Door het geloof verstaan wij, dat de wereld door het Woord Gods is toebereid, alzo dat de dingen, die men ziet, niet geworden zijn uit dingen, die gezien worden; Ps. 33:9; Ps. 145:15, 16; 2 Kor. 6:18; Kat. vr. 26—28; Geloofsbelyd. Art. 12—14.

24. Vr.—*Wat geloof u met hierdie woorde: En in Jesus Kristus, Sy eniggebore Soon, onse Here?*

Antw.—Dat Jesus Kristus die ewige en enigste Soon van die Vader is, eenswesens met God die Vader, en die Heilige Gees.—Spr. 8:23; Joh. 1:1, 3.—In den beginne was het Woord, en het Woord was bij God, en het Woord was God. Alle dingen zijn door Hetzelve gemaakt, en zonder Hetzelve is geen ding gemaakt, dat gemaakt is; Joh. 1:18; Hebr. 1:5; Joh. 5:26; Filip. 2:6; Kat. vr. 33; Geloofsbelyd. Art. 10.

25. Vr.—*Geloof u nie, dat Hy ook mens geword is nie?*

Antw.—Ja, dit geloof ek; want Hy is ontvang van die Heilige Gees, en gebore uit die maag Maria. —1 Joh. 4:2, 3; Luk. 1:35— De Heilige Geest zal over u komen, en de kracht des Allerhoogsten zal u overschaduwen; daarom ook, dat Heilige, dat uit u geboren zal worden, zal Gods Zoon genaamd worden; Kat. vr. 35, 36; Geloofsbelyd. Art. 18.

26. Vr.—*Is dan Sy Godheid verander in mensheid?*

Antw.—Nee, want die Godheid is onveranderlik.—Joh. 1:14—En het Woord is vlees geworden, en heeft onder ons gewoond (en wij hebben Zijn heerlikheid aanschouwd, een heerlikheid als des Eniggeborenen van de Vader) vol van genade en waarheid; Kat. vr. 35; Geloofsbelyd. Art. 19.

27. Vr.—*Hoe is Hy dan mens geword?*

Antw.—Deur die aanneming van die mensheid in die enigheid van Sy persoon.—Filip. 2:6, 7—Hij heeft de gestaltenis eens dienstknechts aangenomen. Rom. 9:5; Kat. vr. 35; Geloofsbelyd. Art. 18, 19.

28. Vr.—*Het Hy dan Sy mensheid uit die Hemel gebreng?*

Antw.—Nee; maar Hy het dit aangeneem uit die maag Maria, deur die werking van die Heilige Gees; en is also ons, Sy broeders, in alles gelyk geword, uitgenome die sonde.—Filip. 2:7; Luk. 1:30, 31—Vrees niet, Maria! want gij hebt genade bij God gevonden. En zie, gij zult een Zoon baren, en zult Zijn naam heten *Jezus;* Luk 1:35; Kat. vr. 35; Geloofsbelyd. Art. 18.

29. Vr.—*Waarom word Hy* JESUS, *dit is, Saligmaker, genoem?*

Antw.—Omdat Hy Sy volk salig maak van hulle sonde.—Matth. 1:21—Gij zult Zijn naam heten *Jesus;* want Hij zal Zijn volk zalig maken van hun zonden; 1 Tim. 1:15; Kat. vr. 29; Geloofsbelyd. Art. 21.

30. Vr.—*Is daar nie 'n ander Saligmaker nie?*

Antw.—Nee; want daar is ook onder die hemel geen ander naam, wat onder die mense gegee is, waardeur ons moet salig word, dan die Naam van Jesus; Hand. 4:12.—Joh. 14:6—Ik ben de weg, en de waarheid, en het leven. Niemand komt tot de Vader, dan door Mij; Kat. vr. 30; Geloofsbelyd. Art. 26.

31. Vr.—*Waarom word Hy* KRISTUS, *dit is, Gesalfde, genoem?*

Antw.—Omdat hy met die Heilige Gees gesalf is, en van God die Vader verorden is, tot ons grote Profeet, tot ons enigste Hoëpriester, en tot ons ewige Koning.—Joh. 1:42; Hand. 10:38—Belangende Jezus van Nazareth, hoe God Hem gezalfd heeft met de Heilige Geest en met kracht; Hand. 3:22; Ps. 110:4; Luk. 1:32, 33; Kat. vr. 31, 32.

32. Vr.—*Wat het Jesus Kristus dan gedoen, om ons salig te maak?*

Antw.—Hy het vir ons gely, is gekruisig, en gestorwe, is begrawe en neergedaal ter helle, dit is, Hy het die helse pyn gely; en is also aan Sy Vader gehoorsaam geword; opdat Hy ons van die tydelike en ewige strawwe van die sonde sou verlos.—Matth. 20:28; 1 Petr. 3:18—Christus heeft eens voor de zonden geleden; Mark. 15:25; 1 Kor. 15:3; 1 Kor. 15:4; Matth. 27:46; Filip. 2:8; Gal. 3:13; Kat vr. 37—44; Geloofsbelyd. Art. 20, 21; Leerreëls II 1—9.

33. Vr.—*In welke natuur het Hy dit gely?*

Antw.—Alleen in Sy menslike natuur, dit is, in Sy siel en liggaam.—Matth. 26:38; 1 Petr. 2:24—Die Zelf onze zonden in Zijn lichaam gedragen heeft op het hout; Kat. vr. 37; Geloofsbelyd. Art. 18, 21; Leerreëls II, 1, 2.

34. Vr.—*Wat het Sy Godheid dan hiertoe gedoen?*

Antw.—Sy Godheid het deur sy krag daardie aangenome mensheid so gesterk, dat dit die las van die toorn van God teen die sonde kon dra en ons daarvan verlos.—Ps. 130:3; Nah. 1:6; 1 Joh. 1:7—Het bloed van Jezus Christus reinigt ons van alle zonde; Kat. vr. 17; Geloofsbelyd. Art. 21; Leerreëls II, 1—4.

35. Vr.—*Is Kristus in die dood gebly?*

Antw.—Nee; maar Hy is op die derde dag opgestaan van die dode, tot ons regvaardigmaking; Rom. 4:25—Welke overgeleverd is om onze zonden, en opgewekt om onze rechtvaardigmaking.—1 Kor. 15:17, 18; Luk. 24:34; 1 Kor. 1:30; Kat vr. 45; Geloofsbelyd. Art. 19, 20.

36. Vr.—*Waar is Kristus nou na Sy mensheid?*

Antw.—Hy is opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God die Vader, dit is, verhewe in die heerlikheid bo alle skepsele; Ef. 1:20, 21.—Hand. 1:9—En als Hij dit gezegd had, werd Hij opgenomen, daar zij het zagen, en een wolk nam Hem weg van hun ogen; Mark. 16:19; Ef. 1:20, 21; Kat. vr. 46, 49—51; Geloofsbelyd. Art. 26.

37. Vr.—*Waartoe is Hy dan so hoog verhewe?*

Antw.—Insonderheid, opdat Hy vandaar Sy gemeente sou regeer en ons Voorbidder wees by die Vader.—Ef. 1:22; Rom. 8:34—Die ook ter rechterhand Gods is, die ook voor ons bidt; Hebr. 7:25; Kat. vr. 50, 51; Geloofsbelyd. Art. 26.

38. Vr.—*Is Hy dan nie by ons tot aan die einde van die wereld nie, soos Hy ons beloof het? Matth.* 28:20.

Antw.—Na Sy Godheid, majesteit, genade en Gees, wyk Hy nimmermeer van ons, maar na Sy mensheid bly Hy in die Hemel, totdat Hy eenmaal sal kom om die lewende en die dode te oordeel.—Matth. 18:20—Waar twee of drie vergaderd zijn in Mijn naam, daar ben Ik in het midden van hen; Joh. 16:7; Hand. 3:21; Hand. 1:11; 2 Kor. 5:10; Kat. vr. 47, 48, 52; Geloofsbelyd. Art. 19, 37.

39. Vr.—*Wat geloof u van die Heilige Gees?*

Antw.—Dat Hy tesame met die Vader en die Soon waaragtige ewige God is; en dat Hy my, van die Vader deur Kristus gegee, wederbaar, in alle waarheid lei, my troos en in ewigheid by my sal bly. —1 Joh. 5:7; Hand. 5:3, 4; Gal. 4:6; Joh. 6:63; Joh. 14:26; Hand. 9:31; Joh. 14:16—Ik zal de Vader bidden, en Hij zal u een andere Trooster geven, opdat Hij bij u blijve in der eeuwigheid; Kat. vr. 53; Geloofsbelyd. Art. 11; Leerreëls III, IV, 3, 11, 12, 13, 16.

40. Vr.—*Wat geloof u van die heilige, algemene Kerk?*

Antw.—Dat die Soon van God uit die ganse menslike geslag die uitverkorene tot die ewige lewe, deur Sy Gees en Woord, sig tot 'n gemeente vergader; waarvan ek geloof, dat ek 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly.—Joh. 10:11; Openb. 5:9—Gij zijt geslacht, en hebt ons Gode gekocht met Uw bloed, uit alle geslacht en taal, en volk en natie; Rom. 8:29, 30; Hand. 16:14; Ef. 4:11, 12; 1 Joh. 3:14; Joh. 10:28; Kat. vr. 54, 55; Geloofsbelyd. Art. 27; Leerreëls II, 8, 9; V, 1—15.

41. Vr.—*Waar vergader Hy hierdie Kerk?*

Antw.—Waar Gods Woord reg gepredik en die Heilige Sakramente na die instelling van Kristus bedien word.—Hand. 2:42, 47—Zij waren volhardende in de leer der Apostelen, en in de gemeenschap, en in de breking des broods, en in de gebeden. En de Here deed dageliks tot de gemeente, die zalig werden; Kat. vr. 54; Geloofsbelyd. Art. 28—32; Leerreëls II, 5; III; IV, 6, 17.

42. Vr.—*Welke weldade doen God aan hierdie gemeente?*

Antw.—Hy skenk haar vergewing van sonde, wederopstanding van die vlees, en die ewige lewe.—Ef. 1:7—In welke wij hebben de verlossing door Zijn bloed, namelik de vergeving der misdaden, naar de rijkdom Zijner genade; Filip. 3:21; 1 Kor. 2:9; Kat. vr. 56—58; Geloofsbelyd. Art. 23, 37.

43. Vr.—*Wat baat dit u nou, dat u dit alles geloof?*

Antw.—Dat ek in Kristus voor God regvaardig is.—Rom. 5:1—Wij dan, gerechtvaardigd zijnde, uit het geloof, hebben vrede bij God, door onze Here Jezus Christus; Kat. vr. 59.

44. Vr.—*Hoe is u regvaardig voor God?*

Antw.—Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Kristus.—Rom. 3:28—Wij besluiten dan, dat de mens door het geloof gerechtvaardigd wordt, zonder de werken der Wet; Gal. 2:16; Kat. vr. 60; Geloofsbelyd. Art. 22.

45. Vr.—*Hoe is dit te verstaan, dat u alleen deur die geloof geregvaardig is?*

Antw.—Also, dat alleen die volkome genoegdoening en geregtigheid van Kristus my deur God word toegereken, waardeur my sonde my vergewe en ek 'n erfgenaam van die ewige lewe word, en dat ek dit nie

anders dan deur die geloof kan aanneem nie.—2 Kor. 5:21—Want die, die geen zonde gekend heeft, heeft Hij zonde voor ons gemaakt, opdat wij zouden worden rechtvaardigheid Gods in Hem; Rom. 5:19; 1 Kor. 1:30; Hand. 26:18; Rom. 4:5; Kat. vr. 60, 61; Geloofsbelyd. Art. 22, 23.

46. Vr.—*Waarom kan ons goeie werke nie ons geregtigheid voor God wees nie, nog ook 'n stuk daarvan?*

Antw.—Daarom, dat ook ons beste werke in hierdie lewe onvolkome en met sonde bevlek is.—Jes. 64:6—Al onze gerechtigheden zijn als een wegwerpelik kleed; Kat. vr. 62; Geloofsbelyd. Art. 24.

47. Vr.—*Verdien ons goeie werke dan nie, wat God nogtans in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon nie?*

Antw.—Hierdie beloning geskied nie uit verdienste nie, maar uit genade.—1 Kor. 3:8; Luk. 17:10—Wij hebben maar gedaan, hetgeen wij schuldig waren te doen; Kat. vr. 63, 64; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls V, 12, 13.

48. Vr.—*Wie werk daardie geloof in u?*

Antw.—Die Heilige Gees.—1 Kor. 12:3—Niemand kan zeggen Jezus de Here te zijn, dan door de Heilige Geest; Kat. vr. 65; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls III, IV, 6, 10.

49. Vr.—*Deur welke middel?*

Antw.—Deur die gehoor van die gepredikte Woord.—Rom. 10:14, 17—Zo is dan het geloof uit het gehoor, en het gehoor door het Woord Gods; Kat. vr. 65; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls I, 16; III IV, 11, 12, 16, 17.

50. Vr.—*Hoe versterk Hy daardie geloof?*

Antw.—Deur daardie selfde gepredikte Woord, en die gebruik van die Heilige Sakramente.—Ef. 3: 16, 17—Opdat Hij u geve, met kracht versterkt te worden door Zijn Geest in de inwendige mens; opdat Christus door het geloof in uw harten wone; 1 Petr. 2:2; Kat. vr. 65; Geloofsbelyd. Art. 33; Leerreëls III, IV, 17; V, 14.

51. Vr.—*Wat is Sakramente?*

Antw.—Heilige tekens en seëls, van God ingestel, om ons daardeur te verseker, dat Hy ons vergewing vàn sonde en die ewige lewe uit genade skenk, om die enigste slagoffer van Kristus aan die Kruis volbreng.—Rom. 4:11; Hand. 2:38; Kat. vr. 66, 67; Geloofsbelyd. Art. 33.

52. Vr.—*Hoeveel Sakramente het Kristus in die Nuwe Testament ingestel?*

Antw.—Twee: die Heilige Doop en die Heilige Awendmaal.—Kat. vr. 68; Geloofsbelyd. Art. 33.

53. Vr.—*Wat is die teken in die Doop?*

Antw.—Die water, waarmee ons gedoop word in die Naam van die Vader, en van die Soon, en van die Heilige Gees.—Hand. 8:36; Matth. 28:19 —Gaat dan henen, onderwijst al de volken, dezelve dopende in de naam des Vaders, en des Zoons, en des Heiligen Geestes; Kat. vr. 69; Geloofsbelyd. Art. 34.

54. Vr.—*Wat beteken en verseël dit?*

Antw.—Die afwassing van die sonde deur die bloed en die Gees van Jesus Kristus.—Hand. 22:16; 1 Joh. 1:7—Het bloed van Jezus Christus reinigt ons van alle zonde; 1 Kor. 6:11; Kat. vr. 70; Geloofsbelyd. Art. 34.

55. Vr.—*Waar het Kristus ons dit toegesê en beloof?*

Antw.—In die instelling van die Doop, wat aldus lui: Mark. 16:15—16.—Kat. vr. 71—73; Geloofsbelydenis Art. 34.

56. Vr.—*Sal 'n mens ook die jong kinders doop?*

Antw.—Ja; want hulle is net so wel as die volwassene in die verbond van God en Sy gemeente ingesluit.—Kol. 2:11, 12; Hand. 2:39—Want u komt de belofte toe, en uw kinderen, en allen, die daar verre zijn, zovelen als er de Here, onze God, toeroepen zal; 1 Kor. 7:14; Matth. 19:14; Kat. vr. 74; Geloofsbelyd. Art. 34; Leerreëls I, 17.

57. Vr—*Wat is die uiterlike teken in die Awendmaal?*

Antw.—Die gebroke brood, wat ons eet, en die vergote wyn, wat ons drink, tot gedagtenis van die lyding en sterwe van Kristus.—1 Kor. 11:26—Want zo dikwels als gij dit brood zult eten, en deze drinkbeker zult drinken, zo verkondigt de dood des Heren, totdat Hij komt.

58. Vr.—*Wat beteken en verseël dit?*

Antw.—Dat Kristus ons siel met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed spysig en laaf ten ewige lewe.—1 Kor. 10;16—De drinkbeker der dankzegging, die wij dankzeggende zegenen, is die niet een gemeenschap des bloeds van Christus? Het brood, dat wij breken, is die niet een gemeenschap des lichaams van Christus?; Kat. vr. 75, 76; Geloofsbelyd. Art. 33, 35.

59. Vr.—*Waar het Kristus ons dit toegesê?*

Antw.—In die instelling van die Heilige Awendmaal, wat aldus deur Paulus beskrywe word: 1 Kor. 11:23—26.—Kat. vr. 77.

60. Vr.—*Word die brood verander in die liggaam van Kristus, of die wyn in Sy bloed?*

Antw.—Nee, net so min as wat die water in die Doop verander word in die bloed van Kristus.—Kat. vr. 78—80; Geloofsbelyd. Art. 33, 35.

61. Vr.—*Hoe moet u uself beproef, eer u tot die Awendmaal van die Here gaan?*

Antw.—Eers moet ek ondersoek, of ek myself vanweë my sonde mishaag en my daarom voor God verootmoedig; ten twede, of ek geloof en vertrou, dat al my sonde my om Kristus wil vergewe is; ten derde, of ek ook 'n ernstige voorneme het, om voortaan in alle goeie werke te wandel.—1 Kor. 11:28, 29—De mens beproeve zichzelf, en ete alzo van het brood, en drinke van de drinkbeker; Ps. 51:19; 2 Kor. 13:5; Ps. 119:40; Kat. vr. 81; Geloofsbelyd. Art. 33, 35.

62. Vr.—*Sal 'n mens ook diegene tot die Awendmaal laat gaan, wat 'n ongoddelike leer drywe, of 'n ergerlike lewe lei?*

Antw.—Nee, opdat die Verbond van God nie ontheilig word nie, en Sy toorn oor die gemeente nie verwek word nie.—Ps. 50:16, 17—Tot de goddeloze zegt God: Wat hebt gij Mijn inzettingen te vertellen, en neemt Mijn verbond in uw mond? dewijl gij Mijn woorden achter u henenwerpt; 1 Kor. 11:30; Kat. vr. 82; Geloofsbelyd. Art. 32.

63. Vr.—*Hoe sal 'n mens dan met sodaniges handel?*

Antw.—Volgens die ordinansie, wat Kristus ons daarvan gegee het: Matth. 18:15—17; Kat. vr. 83—85; Geloofsbelyd. Art. 32; Leerreëls III; IV, 15.

## DIE DERDE DEEL.

### VAN DIE DANKBAARHEID.

64. Vr.—*Aangesien ons alleen uit genade deur Kristus salig word, waarom moet u nog goeie werke doen?*

Antw.—Nie om die hemel daarmee te verdien nie (wat Kristus gedoen het), maar omdat God my dit beveel het.—Ef. 2:8; 1 Petr. 3:18; Filip. 4:8—Voorts, broeders! al wat waarachtig is, al wat eerlik is, al wat rechtvaardig is, al wat rein is, al wat lieflik is, al wat wèl luidt, zo er enige deugd is, en zo er enige lof is, bedenkt dat; Kat. vr. 86; Geloofsbelyd. Art. 24, 25; Leerreëls I, 9, 12, 13.

65. Vr.—*Waartoe dien dan u goeie werke?*

Antw.—Dat ek daarmee aan God dankbaarheid vir al Sy weldade sou bewys en dat Hy deur my verheerlik mag word; dat ek ook uit die goeie werke, as uit die vrugte, verseker mag wees van die egtheid van my geloof; en dat my naaste daardeur gestig en vir Kristus gewin mag word.—Matth. 5:16—Laat uw licht alzo schijnen voor de mensen, dat zij uw goede werken mogen zien, en uw Vader, die in de hemelen is, verheerliken; Joh. 15:8; Jak. 2:18; 2 Petr. 1:10; 1 Petr. 2:12; Kat. vr. 86; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls I, 12; V, 12, 13.

66. Vr.—*Sal diegene ook salig word, wat nie goeie werke doen nie?*

Antw.—Nee, hulle sal nie; want die Skrif sê, dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, hoereerder, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar, nog rower, nog dergelike die Ryk van God sal beërf, 1 Kor. 6:9, 10, tensy dat hulle sig tot God bekeer.—Matth. 3:10—Alle boom dan, die geen goede vrucht voortbrengt, wordt uitgehouwen en in het vuur geworpen; Kat. vr. 87; Leerreëls I, 13.

67. Vr.—*Waarin bestaat die bekering van die mens?*

Antw.—In 'n hartelike leedwese en vermyding (Holl. :vlieden) van die sonde en in 'n ernstige lus en doen van alle goeie werke.—Jer. 31:19; Rom. 6:13; Rom. 7:22; Rom. 12:9—Hebt een afkeer van het boze, en hangt het goede aan; Gal. 5:25; Kat. vr. 91; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls V, 7, 12, 13.

68. Vr.—*Wat is goeie werke?*

Antw.—Alleen wat uit 'n ware geloof, na die Wet van God, tot Sy eer geskied; en nie wat op menslike insettinge of op ons goeddunke gegrond is nie.—Rom. 14:23; Ezech. 36:27; 1 Kor. 10:31—Hetzij dan dat gijlieden eet, hetzij dat gij drinkt, hetzij dat gij iets anders doet, doet het al ter ere Gods; Matth. 7:21; Matth. 15:9; Kol 2:23; Kat. vr. 91—113; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls I, 9.

69. Vr.—*Kan diegene, wat tot God bekeer is, die Wet van God volkomelik hou?*

Antw.—Nee, hulle kan nie; maar ook die allerheiligste, solank as hulle in hierdie lewe is, het maar 'n kleine beginsel van hierdie gehoorsaamheid; maar so, dat hulle met 'n ernstige voorneme, nie alleen na sommige, maar na al die gebooie van God begin te lewe; soos hulle ook die Here geduriglik bid om daeliks daarin toe te neem.—1 Joh. 1:8; Rom. 7:14, 15; Rom. 7:22; Ps. 119:4, 5; Filip. 3:12—Niet dat ik het alrede gekregen heb, of alrede volmaakt ben; maar ik jaag er naar, of ik het ook grijpen mocht; Kat. vr. 114—116; Geloofsbelyd. Art. 24; Leerreëls I, 16; V, 1—5, 12, 13.

70. Vr.—*Tot wie moet ons hierom bid?*

Antw.—Nie tot enige skepsel nie, maar alleen tot God, wat ons kan help en wil verhoor om Jesus Kristus wil.—Matth. 4:10—De Here, uw God, zult gij aanbidden, en Hem alleen dienen; Ef. 3:20; Joh. 15: 7; Kat. vr. 116, 117; Geloofsbelyd. Art. 13, 26.

71. Vr.—*In wie se naam moet ons tot God bid?*

Antw.—Alleen in die Naam van Kristus en nie in die naam van enige heilige nie.Joh. 16:23—Al wat gij de Vader zult bidden in Mijn Naam, dat zal Hij u geven; Jes. 63:16; Kat. vr. 116, 117; Geloofsbelyd. Art. 26.

72. Vr.—*Om welke dinge moet ons tot God bid?*

Antw.—Om alle geestelike en liggamelike nooddruf, wat die Here Jesus ingesluit het in die gebed, wat Hy ons Self geleer het.—Filip. 4:6—Laat uw begeerten in alles, door bidden en smeken, met dankzegging bekend worden bij God; Jak. 1:5; Spr. 30:8, 9; Kat. vr. 118.

73. Vr.—*Hoe lui daardie gebed?*

Antw.:—

Onze vader, die in de hemelen zijt!

Uw naam worde geheiligd.

Uw Koninkrijk kome.

Uw wil geschiede, gelijk in de hemel, alzo ook op de aarde.

Geef ons heden ons dagelijks brood.

En vergeef ons onze schulden, gelijk ook wij vergeven onze schuldenaren.

En leid ons niet in verzoeking, maar verlos ons van de booze.

Want U is het Koninkrijk, en de kracht, en de heerlikheid, in der eeuwigheid. Amen!—Matth. 6:9—13; Kat. vr. 119.

74. Vr.—*Wat begeer u van God in hierdie ganse gebed?*

Antw.—Ten eerste, dat al wat dien tot die eer van God bevorder mag word, en daarenteen geweer mag word, wat dit verhinder of Sy wil weerstaan. Ten andere, dat Hy my met alle nooddruf na die liggaam mag versorg en na die siel mag bewaar vir alle kwaad, wat my aan my saligheid sou kan skadelik wees.—Kat. vr. 120—129.

# DIE WONDERE VAN JESUS.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die verandering van water in wyn .. .. .. .. | Joh. 2:1-11. |
| 2. | Buitegewone visvangs .. | Luk. 5:1-11. |
| 3. | Opwekking van die dogtertjie van Jaïrus .. .. .. | Matth. 9:18-26. |
| 4. | Opwekking van die jongeling te Naïn .. .. .. | Luk. 7:11-17. |
| 5. | Opwekking van Lazarus .. | Joh. 11:11-14. |
| 6. | Genesing van die besetene te Gadara .. .. .. | Matth. 8:28-31. |
| 7. | Genesing van Petrus se skoonmoeder .. .. | Mark. 1:29-31. |
| 8. | Genesing van 'n melaatse .. | Mark. 1:40-45. |
| 9. | Genesing van 'n kneg van die hoofman .. .. .. | Matth. 8:5-13. |
| 10. | Genesing van 'n geraakte .. | Matth. 9:1-8. |
| 11. | Genesing van 2 blindes .. | Matth. 9:27-31. |
| 12. | Genesing van 'n kranke vrou | Luk. 8:43-48. |
| 13. | Genesing van 'n doofstomme | Mark. 7:31-37. |
| 14. | Genesing van 'n kranke in Bethesda .. .. .. | Joh. 5:1-9. |
| 15. | Genesing van 'n verdorde hand .. .. .. .. | Matth. 12:9-13. |
| 16. | Genesing van 'n besetene .. | Matth. 12:22-23 |
| 17. | Genesing van die dogter van die Kananese vrou .. .. | Matth. 15:21-28 |
| 18. | Genesing van 'n doofstomme | Matth. 9:32-33. |
| 19. | Genesing van 'n blinde .. | Mark. 8:22-26. |
| 20. | Genesing van 'n besete kind | Matth. 17:14-21 |
| 21. | „ „ 'n blindgeborene | Joh. 9:1-7. |

| | | |
|---|---|---|
| 22. | Genesing van 'n 18-jarige siek vrou .. .. .. .. | Luk. 18:10-17. |
| 23. | Genesing van 'n watersugtige vrou .. .. .. .. | Luk. 14:1-8. |
| 24. | Genesing van die seun van die hoofman .. .. .. | Joh. 4:46-53. |
| 25. | Genesing van 'n besetene .. | Mark. 1:23-28. |
| 26. | Genesing van 2 blindes .. | Matth. 20:29-34 |
| 27. | Genesing van Malchus se oor | Luk. 22:50, 51. |
| 28. | Die spysiging van die 5000 .. | Matth. 14:15-21 |
| 29. | Die spysiging van die 4000 .. | Matth. 15:32-39 |
| 30. | Reiniging van die 10 melaatse | Luk. 17:11-19. |
| 31. | Die storm op see gestil .. | Matth. 8:23-27. |
| 32. | Jesus wandel op die see .. | Matth. 14:22-32 |
| 33. | Stuk geld in die bek van 'n vis | Matth. 17:24-27 |
| 34. | Verdorring van die vyeboom | Matth. 21:18-21 |
| 35. | Die opstanding .. .. | Matth. 28:1-10. |
| 36. | Buitegewone visvangs .. | Joh. 21:1-14. |

## MARIA'S IN N. T.

1. Maria, moeder van Jesus.
2. Maria, moeder van Jakobus en Joses.
3. Maria Magdalena.
4. Maria, suster van Lazarus.
5. Maria, moeder van Johannes (Hand. 12:12).
6. Maria, 'n ywerige Kristin (Rom. 16:6.)

---

## JOHANNESSE IN N. T.

1. Johannes, die doper.
2. Johannes, die Apostel.
3. Johannes, ook genoem Markus.
4. Johannes, die Raadsheer (Hand. 4:6).

---

## KERKLIKE FEESDAE.

Kersfees; Goeie Vrydag; Paasfees; Hemelvaart; Pinksterfees.

Ferdinand Postma-Biblioteek

TB
238.42
HEI